higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

DIE MENSLIKE LIGGAAM EN GEES
NKR VLAK 2

(9020072)

8 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Plasmamembraan is 'n kenmerk van 'n sel.

1.1.2 Epiteelweefsel word gebruik om dele van die liggaam saam te bind.

1.1.3 Spierweefsel kom voor in elke stelsel buiten die senustelsel.

1.1.4 'n Beensel is 'n eukariotiese sel.

1.1.5 'n Kliersel is nie 'n eukariotiese sel nie.

(5 × 1) (5)

1.2 Definieer die volgende terme:

1.2.1 Anatomie

1.2.2 Sel

1.2.3 Ovum

1.2.4 Appendiks

1.2.5 Weefsel

(5 × 2) (10)

1.3 Noem VIER soorte weefsel wat in die liggaam voorkom. (4)

1.4 Bespreek die funksie van die rooibloedselle. (2)


1.5 Beskryf die liggaam in 'n anatomiese posisie. (7)

1.6 Identifiseer TWEE handbewegings wat gedoen kan word vir iemand wat 'n beroerte gehad het en handoefeninge nodig het. (2)

[30]

VRAAG 2

2.1 Bestudeer die figuur hier onder en beantwoord die vrae.



[Bron: *WebMD, LLC*, 2009]

2.1.1 Wat is die naam van die stelsel hier bo? (1)

2.1.2 Wat is die funksies van hierdie stelsel? (2)

2.1.3 Met watter ander algemene funksies help hierdie stelsel? (3)

2.1.4 Verduidelik wat gebeur in die liggaam tydens inaseming en uitaseming.

(4 × 2) (8)

2.1.5 Noem VIER organe van bogenoemde sisteem. (4)

2.2 Herteken en voltooi die volgende tabel in die ANTWOORDBOEK.

	2.2.1	2.2.2	**Stikstof**	**Ander gasse**
Ingeasemde lug	21%	0,04%	78%	±1%
Uitgeasemde lug	2.2.3	4,04%	78%	2.2.4

(4 × 1) (4)

2.3 Wat is die funksie van die neus tydens respirasie? (3)

2.4 Beskryf die supinumposisie van die menslike liggaam. (5)

[30]

VRAAG 3

3.1 Kies 'n item uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1.1	Rooibloedsel	A	pomp bloed
3.1.2	Weefsel	B	lang spierbuis
3.1.3	Hart	C	berei elke maand voor vir moontlike swangerskap
3.1.4	Hipotalamus	D	gemodifiseerde sweetklier
3.1.5	Mamma	E	tassintuig
3.1.6	Mitose	F	vervoer suurstof
3.1.7	Oesofagus	G	deel van sitoplasma
3.1.8	Uterus	H	soortgelyke selle bymekaar
3.1.9	Vel	I	beheer liggaamstemperatuur
3.1.10	Familiewaardes	J	help ons om suurstof in te asem en koolsuurgas uit te asem
		K	deel van nukleus

(10 × 1) (10)

3.2 Omdat ons liggame bloed nodig het om lewend te bly, vervoer bloed belangrike substansies.

Noem VYF substansies wat bloed vervoer. (5)

3.3 In hoeveel kamers is die hart verdeel? (1)

3.4 Beskryf die DRIE lae van die hartwand. (3 × 2) (6)

3.5 Verduidelik hoe enige VIER hoofbloedvate die vloei van bloed deur die hart moontlik maak. (4 × 2) (8)

[30]

VRAAG 4

4.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

4.1.1 Natuurlike opening van die liggaam sluit in ...

A lewer
B mond
C voet
D hande

4.1.2 Normale liggaamstemperatuur is ...

A 37 °C
B 27 °C
C 47
D 17 °C

4.1.3 Orgaan wat liggaamstemperatuur reguleer ...

A serebrum
B hipotalamus
C serebellum
D medulla

4.1.4 ONK (ENT) is 'n afkorting vir ...

A oor, neus en klier
B oë, neus en kakebeen
C oor, neus en keel
D oë, neus en kop

4.1.5 Nies verwyder bakterieë van die ...

A neus
B mond
C ore
D vingers

(5 × 1) (5)

4.2 Noem die VYF funksies van die skeletstelsel. (5)

4.3 Buiten bene, uit watter TWEE ander substansies bestaan die skeletstelsel? (2)

4.4 Waar in die bene word rooi- en wit bloedselle produseer? (1)

4.5 Gee TWEE funksies van die spierstelsel. (2)

4.6 Beantwoord die volgende vrae oor die manlike voortplantingstelsel.

4.6.1 Wat is die funksie van die manlike voortplantingstelsel? (2)

4.6.2 Bespreek die pad van die sperm van produksie tot ejakulasie. (7)

4.6.3 Wat is die optimale temperatuur vir sperm produksie? (1)

4.7 Teken die vroulike voortplantingstelsel en benoem VIER dele van die stelsel. (5)
[30]

VRAAG 5

5.1 Noem die VYF basiese doelwitte van sielkunde. (5)

5.2 Definieer die volgende terme:

5.2.1 Affek

5.2.2 Gedrag

5.2.3 Kognisie

5.2.4 Fisiologie

(4 × 2) (8)

5.3 Teken 'n diagram 'Boom van Geestesgesondheid' om jou eie 'Boom van Geestesgesondheid' voor te stel. Benoem EEN van die wortels, die stam en TWEE vrugte. (5)

5.4 Noem TWEE psigologiese behoeftes van mense. (2)

5.5 Bespreek Sigmund Freud en sy teorie. (10)
[30]

TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou